**Saterdag 11 Julie**
**Skrifgedeelte: Deuteronomium 5:23-33 (AFR2020)**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 5:32-33**
**God is lankmoedig, nie toegeeflik**

Gister se dagstukkie handel oor gebeure kort nadat die volk uit Egipte vertrek het. Nou is die volk op die punt om die beloofde land in te gaan. Moses sal egter nie saam met hulle gaan nie – lees maar Deuteronomium 34 hieroor.

In die eerste drie hoofstukke beskryf Moses die volk se reis van Sinai tot hier by die poort van die beloofde land. Dit is 'n geskiedenis van die volk se verkeerde optrede en die Here se lankmoedigheid. In hoofstuk 4 waarsku Moses die volk teen afgodsdiens. In Deuteronomium 5 neem Moses die volk terug na die verbondsluiting by Sinai, toe God die Tien Gebooie aan die volk gegee het. Voordat die volk die beloofde land ingaan, vermaan die Here hulle om aan Hom gehoorsaam te bly. Hulle het telkens in die verlede afgedwaal. Dit het uitgeloop op 40 jaar se rondswerf in die woestyngebied. In sy lankmoedigheid hernuwe die Here sy verbond met hulle. Sy beloftes bly staan. Die volk mag egter nie die Here se lankmoedigheid maar as vanselfsprekend aanvaar nie. Wanneer hulle die beloofde land betree, moet hulle steeds aan God gehoorsaam bly in alles wat hulle doen. Hulle moet getrou bly op die pad wat die Here vir hulle aangedui het. As hulle dit nie doen nie, kan hulle selfs die beloofde land verloor, soos wat eeue later gebeur het.

Natuurlik kan mense nie ten volle aan God gehoorsaam bly nie. Jesus het juis gekom om te doen wat ons nie kon nie. Hy was gehoorsaam tot in die dood. Juis daarom word ons opgeroep om te leef soos wat God dit van ons verwag. Ons sonde, ons verkeerde optrede, gaan nie maar sommer by Hom verby nie. Ons kan in ons lewe op die regte pad volhard deur die krag van die Heilige Gees.

*Sing: Skrifberyming 14-1:1*

*Prof. HF (Herrie) van Rooy (Emeritus)*